FEBRUARIE 2026

SONSTRAAL GEMEENTE
Leef om te dien

# ONS BEDIENINGE



#LEEFOMTEDIEN

# INHOUD

Diensgroepe en kommissies

- Ondersteuning
- Gemeenteversorging
- Kerk in Konteks

Raak betrokke

# 3 Diensgroepe



## Ondersteuning:

Hierdie diensgroep bied logistieke, administratiewe en finansiële ondersteuning op grond waarvan die gemeente se bedieninge optimaal kan funksioneer.



## Gemeenteversorging:

Hierdie diensgroep fokus op die holistiese versorging van ons lidmate. Hier word lidmate begelei en ondersteun om te floreer en om vanuit 'n diepe bewussyn van wie ons in Christus is en wat ons roeping is, voor die aangesig van God te leef.



## Kerk in Konteks:

Hier leef ons ons geloof uit deur diens, omgee en praktiese betrokkenheid in die gemeenskap en wêreld rondom ons en moedig lidmate se betrokkenheid buite die kerk se mure aan.

# Onderteuningskommissies:



## 1. DIENSVERHOUDINGE:

Diensverhoudinge fokus op gesonde verhoudinge binne ons personeelspan. en help om ’n positiewe werksomgewing in die gemeente te bevorder.

## 2. EIENDOMME:

Hierdie bedieningspan sorg dat die kerk se geboue en perseel veilig, netjies en funksioneel gehou word.

## 3. FINANSIES:

Die finansiespan help om die gemeente se geld, ooreenkomstig die roeping van die gemeente, verantwoordelik en deursigtig te bestuur, om so goeie rentmeesterskap te verseker.

## 4. KOMMUNIKASIE:

Hierdie bedieningspan sorg dat inligting aangaande die gemeente op verskeie platforms effektief gekommunikeer word. Dit sluit die volgende in:

a. **Sosiale media**: Ons deel ons gemeente se stories, aktiwiteite en boodskappe op verskeie platforms (Facebook, Instagram, YouTube, WhatsApp, Webblad).

b. **Bemarking**: Bemarking help om ons gemeente se bedieninge, geleenthede en projekte in die gemeenskap sigbaar te maak.

# Onderteuningskommissies:



c. **Taalversorging**: Ons streef daarna dat ons kommunikasie duidelik, korrek, toepaslik en vriendelik is.
d. **Fotografie / videografie**: Foto's en video's help ons om oomblikke en verhale in die gemeente vas te vang en die lewe en energie van die gemeente sigbaar te maak.
e. **Redigering**: Redigering van video's bring rou beeldmateriaal in 'n sinvolle en kreatiewe storie bymekaar.

## 5. BEFONDSING:

Befondsing behels die beplanning en aanbied van geleenthede wat fondse vir spesifieke projekte en aksies insamel, bv:
a. **Basaar**: Vroeg elke jaar hou ons 'n egte Sonstraal-basaar waar jonk en oud heerlik saam kuier. Behalwe vir die heerlike saamkuier, -eet en -werk is die insameling van fondse 'n belangrike aspek van die basaar. Lidmate word uitgenooi om deel te neem, betrokke te wees en by te dra tot hierdie groot jaarlikse gebeure by Sonstraal.
b. **Gholfdag**: Die gholfdag is 'n sosiale geleentheid wat sport en gemeenskap kombineer vir 'n goeie doel. Dit bied lidmate die kans om te help met reëlings, borgskappe en die dag se aanbieding.
c. **Wynveiling**: Ons wynveiling is 'n gesellige aand waar goeie wyn en goeie geselskap mekaar ontmoet. Deur hierdie geleentheid help ons om fondse in te samel vir projekte wat 'n verskil maak.

# Gemeenteversorgingskommissies



## 1. EREDIENSTE:

Ons glo dat God sy kerk gereeld bymekaar bring om ons deur sy Woord en Gees te ontmoet, sodat Hy ons weer kan uitstuur om as sy mense sy wil in sy wêreld uit te leef. In al ons eredienste wil ons:

- God eer deur lofprysing en aanbidding;
- mekaar aanspoor deur ons lewens te bou op die troue beloftes van God, soos die Gees dit vir ons in die Woord openbaar en deur die doop en nagmaal versterk word;
- voortdurend soek na God se wil vir ons lewens en ons daartoe verbind om gehoorsaam aan Hom te wees; en
- vir mekaar, die kerk en die wêreld voorbidding doen.

Die volgende aspekte vorm deel van die werk van die eredienskommissie:

a. Woordverkondiging
b. Sakramente (Doop en Nagmaal)
c. Musiek en sang
d. Beeld en Klank
e. Erediensdiakens
f. Verwelkoming
g. Dekor
h. Koffiebediening
i. Inligtingstoonbank
j. Spesiale geleenthede

# Gemeenteversorgingskommissies:



## 2. TOERUSTING:

Ons bied geleenthede aan waar lidmate hul geloof kan versterk, saam kan leer, mekaar kan ondersteun en saam kan stil raak.

a. **Kursusse:** Bv. GriefShare, DivorceCare, Die Bybel in Fokus, Boekbesprekings.

b. **Kleingroepe**: Lidmate kom gereeld in kleingroepe bymekaar as ’n geleentheid om in hulle geloof te verdiep, mekaar te ondersteun en diensbaar te wees.

c. **Bybelstudies:** Nie net gebruik verskeie groepe die Bybelstudies wat weekliks in die Kontak uitgestuur word nie, maar dit kan ook in huishoudings en vir persoonlike stiltetyd gebruik word. Dit is op dieselfde tekste en temas as die komende eredienste geskoei.

d. **Gebed en Retraites:** Gebed is die asemhaling van die gemeente. Deur hierdie bediening word voorbidding gedoen, mense aangemoedig en geleer om te bid en gebedsgeleenthede gereël.

## 3. JEUG-EN FAMILIE:

a. **Junior jeug:** Die Junior Jeugbediening strek van kinders van 3 jaar oud tot Gr 6 leerders. Kinders is baie welkom in ons eredienste. Daarom neem hulle deel in verskeie liturgiese momente (bv. Lofsang, Doop en Nagmaal) asook ’n kindermoment, waarna hulle na hulle kategesegroepies verdaag. Deur die loop van die jaar word verskeie geleenthede en aktiwiteite vir die kinders aangebied, waarvan een hoogtepunt die Avontuurweek is.

b. **Senior jeug**: Jongmense vorm ’n belangrike deel van ons gemeente. Ons tieners woon hoofsaaklik Sondae se aanddienste by waarna hulle kategese in kleingroepe bywoon. Die bou van verhoudings en ’n gevoel van gemeenskap geniet hoë prioriteit in ons bediening aan hierdie besonderse groep. Ons kuier saam, kamp saam, lag saam, gaan saam op uitreike, en leer saam van God. Ons nooi alle jongmense uit om deel te word van hierdie gemeenskap – hier is álmal welkom.



# Gemeenteversorgingskommissies

c. **Belydenisgroep (Graad 11)**: Jongmense bereik hulle finale fase van kategese tydens graad 10 en 11. As deel van die Belydenisgroep word hulle oor twee jaar voorberei met die oog op hulle Belydenisaflegging aan die einde van hulle Graad 11-jaar. Hierdie fase word begin en afgesluit met 'n kamp.
d. **Matrieks (Graad 12)**: As jong jong belydende lidmate stap os graag 'n pad saam met die matrieks in hierdie belangrike tyd van hulle lewens. Matrikulante word genooi om ons aanddienste asook die weeklikse matriekbyeenkomste by te woon. Ons nooi hulle ook om aan die gemeente se verskeie uitreik- en diensgeleenthede deel te neem.
e. **Naskoolse jeug**: Die gevoel van gemeenskap en bou van verhoudings vorm die kern van ons weeklikse byeenkoms vir studente en jong volwassenes. Ons kuier, gesels oor die Bybel, ondersteun mekaar en gaan saam op uitstappies en kampe.
f. **Jonggetroudes**: Hierdie bediening bestaan nog nie, maar daar mag dalk 'n behoefte onder jonggetroudes wees om aan 'n groep, saam met ander wat ook in hierdie unieke fase van hulle lewens is, 'n pad mee saam te stap. Laat weet ons gerus as jy daardie persoon is!
g. **Families**: Ons verstaan "familie" as diverse huishoudings: Enkellopendes, getroudes – met of sonder kinders, geskeides, hersaamgestelde gesinne, huismaats… dikwels mense wat saam onder een dak woon en 'n spesiale band met mekaar het. Dit is in hierdie huishoudings waar gelowiges saam kan groei en diensbaar kan wees. Daarom is elke huishouding vir ons kosbaar en belangrik. Daar is geleenthede waar vroue en mans apart van mekaar betrokke is, bv. Vrouekamp en mannekamp. So is daar ook 'n familiekamp – waar almal welkom is!

**NS** Om ons kinders en jongmense effektief op hulle geloofsreis te neem het ons volwasse geloofsmentors nodig. Is dit dalk iets waarop die Here jou hart druk? Bid daaroor en kom meld asseblief aan.

# Gemeenteversorgingskommissies



## 4. KOINONIA:

Ons gemeente het ‘n hele paar geleenthede waar ons as Christen-gemeenskap saamkuier. Skakel gerus in by een van die baie saamkuier geleenthede.

a. Kleingroepe en Kleingroepfees
b. Kampe en staptoere
c. Lentestap
d. Gemeentedans
e. Kuiergeleenthede en etes met sprekers
f. Nuwe lidmaatbyeenkoms

## 5. SENIORS:

Eredienste word om die beurt by Legato en La Vie aftree-oorde aangebied. Behalwe die eredienste is daar allerlei aktiwiteite vir ons seniorlidmate wat deur deur die loop van die jaar aangebied word – van maandelikse byeenkomste tot uitstappies. Die program word jaarliks bekend gemaak.

# Kerk in Konteks kommissies



Die bedieninge in hierdie diensgroep fokus op die kerk as God se beweging na die wêreld, weg van onsself en ons behoeftes, na die plekke en mense waarheen God ons stuur. So is ons gehoorsaam aan God se roeping om aan God se werk in die wêreld deel te neem. Daarom is die konteks (die omliggende wêreld waarin ons leef) vir ons die ruimte waar God ons as getuies van sy genade, gasvryheid en gestuurdheid gebruik.

## 1. BARMHARTIGHEID:

a. **Badisa**: Badisa is die NG Kerk en die VG Kerk in die Wes-Kaap se barmhartigheidsdiens. Sonstraal is aan drie sorgprogramme vir gesinne in Bellville, Kraaifontein en Scottsdene verbind. Lees meer oor Badisa se wonderlike werk by: https://badisa.org.za/

b. **Breiprojek**: Die breiprojek, wat in 2002 by die Legato Aftreeoord begin het, voorsien staatshospitale van klere en komberse, asook toiletsakkies met toiletware, vir pasiënte en babas.

c. **Fisantekraal Center for Development (FCD)**: FCD help werklose mense om emosioneel, ekonomies, sosiaal en geestelik te ontwikkel deur vaardighede aan te leer om spesifieke werksplekke te betree. Die volgende programme word aangebied: kantooradministrasie, ontvangs- en rekenaarvaardighede, lewensvaardighede, kliëntediens en kleinhandel, bak vir wins, tuisversorging, besigheidsvaardighede, gasvryheid, huishoudkunde en Engels. Vind meer uit by: https://www.fisantekraal.org.za/

# Kerk in Konteks kommissies:



d. **Huis Ravenzicht**: Sonstraal se betrokkenheid by hierdie tuiste vir bejaardes is om Jesus se liefde op praktiese maniere te wys deur ons besoeke, uitdeel van nodige middele (bv. toiletware, klere, linne en komberse), ’n bederfie op verjaarsdae en, waar ons kan, ook met ’n bietjie vermaak. Besoek https://huisravenzicht.co.za/ vir meer inligting en stories.

e. **MathMoms**: As ’n klein begin in 2016 het ’n groep werklose vroue hulle harte vir kinders in Elsiesrivier, wat deur lewensomstandighede getraumatiseer is, oopgemaak. MathMoms het die vroue begin oplei om ekstra wiskundeklasse vir leerders aan te bied. Die projek het na 26 skole in Elsiesrivier en omliggende areas, Bishop Lavis en ook na die platteland, o.a. in Rawsonville en omliggende areas uitgebrei. MathMoms streef nie net om vroue en leerders te bemagtig deur kennis en geleenthede nie, maar ook om veilige ruimtes te skep waarin gesonde verhoudinge kan floreer. Vind meer uit by: https://mathmoms.co.za/

f. **MES**: is ’n geregistreerde nie-winsgewende Christelike organisasie wat die hart van verskeie stede in Suid-Afrika sedert 1986 verander. Hulle word gedryf deur noodsaaklike maatskaplike verandering wat daarop gemik is om sistemiese armoede en haweloosheid op te los. Besoek gerus https://mes.org.za/ om meer oor Mes uit te vind.

g. **Ruyterwacht Senior Sentrum**: Sonstraallidmate kook sedert 2005 weekliks sop wat gevries word en aan Ruyterwacht Dienssentrum vir Seniors geskenk word. Die sentrum bedien naastenby 350 mense en is onder Badisa se sorg. Lees hier vir meer inligting: https://www.ruyterwachtseniors.co.za/

h. **Sorgmaand**: Augustus is Sorgmaand by Sonstraal. Tydens hierdie maand word eredienste rondom die tema van sorg ingerig. Instansies soos Badisa Trio, MES, Straatwerk, FCD, Huis Ravenzicht en Ruyterwacht Senior Sentrum, kry spreekbeurte en lidmate word genooi om op verskeie maniere by hierdie instansies betrokke te raak en volgens hulle behoeftes by te dra. Tydens Pinkster word komberse ingesamel om in die koue wintermaande aan noodlydendes uit te deel. Uit die fondse wat tydens Sorgmaand ingesamel word, ondersteun ons ook vir behoeftige gemeentes in ons ring.



# Kerk in Konteks kommissies:

i. **Alimentasie**: Sonstraal beskik oor ’n noodspens waaruit ons korttermyn verligting aan noodlydendes bied. Waar die nood nie deur hierdie hulp verlig kan word nie, word die hulp van Maatskaplike Dienste ingeroep.

## 2. GETUIENIS:

a. **Bottelary**: Die Bottelary Geloofsgemeenskap is deur Sonstraal-gemeente begin om veral die plaaswerkergemeenskap in die Bottelarydistrik met die Evangelie te bedien. Sondae word eredienste gehou, kategese aangebied en toebroodjies word uitgedeel. Alhoewel Sonstraal vir lank baie betrokke was by hierdie bediening, het dit mettertyd verander. Tans word dienste en kategese weekliks deur ’n bedieningspan aangebied wat nie noodwendig deel van Sonstraal is nie. Sonstraal voorsien wel nog weekliks toebroodjies en neem verantwoordelikheid vir die huur van die skoolsaal waar dienste aangebied word.

b. **Eureson**: is ’n geloofs- en vriendskapverhouding wat reeds vanaf 2007 tussen lidmate van NG Kerk Sonstraal en die Eureka Evangelies Lutherse Kerk in Elsiesrivier bestaan. Die bediening het ná 'n versoeningsnaweek ontstaan wat deur die Institute for Healing of Memories onder leiding van Vader Michael Lapsley gehou is. Die Eureson-vriende kom maandeliks bymekaar, verskeie uitstappies word aangepak en die vriende breek soms selfs vir ’n naweek saam weg. Maandelikse byeenkomste word rondom ’n tema beplan en sluit aan by die kerklike agenda en aktuele sake. Omdat hierdie bediening bykans twee dekades bestaan, en veral deur die stigters daarvan ondersteun word, is daar tans geleentheid vir nuwe energie en betrokkenheid van lidmate.

# Kerk in Konteks kommissies:



c. **Publieke Getuienis**: Dit is elke lidmaat se roeping om ons geloof op daaglikse basis – oral waar ons werk en leef – prakties uit te leef. In 'n wêreld waar mag, geld en sekulêre belange ons dryfkrag is, word ons geroep om God se Koninkryk sigbaar te maak deur karaktereienskappe wat pas by volgelinge van Jesus. Dit vra dat ons teen alle ongeregtigheid moet opstaan en dikwels teen die stroom van ons wêreldse kultuur moet beweeg – omdat Jesus ons roep tot vrede, geregtigheid en vreugde.

d. **Straatwerk**: Hierdie bediening fokus op die praktiese uitleef van Jesus se liefde, veral in die naglewe van ons middestadsgebiede. Hier vorm deernis, vriendskap en opregte belangstelling, asook praktiese hulp aan mense met vasgeloopte lewens die kern van die bediening.

e. **Waagmoedige gesprekke**: Daar vind dikwels gebeure rondom ons en regoor die wêreld plaas waarop gevra word: "Wat sê die Kerk hieroor?" Sonstraal wil veilige ruimtes skep vir gesprekke rondom aktuele sake vanuit 'n Christelike oogpunt.

f. **Zithulele**: Zithulele is 'n VGK gemeente in die Oos-Kaap (Ou Transkei). Sonstraal is, saam met Kenridge-, Diaz- (Port Alfred), Somerstrand- en Durbanvillegemeentes deel van die Zithulele-vennootskap. Ons besoek die gemeente jaarliks, tydens die Oktobervakansie, om ons eenheid te versterk asook om hulle by te staan met instandhoudingswerk aan die geboue van hulle 13 buiteposte. Die blootstelling en ervaring van ons susters en broers in Zithulele laat ons elke keer met nuwe oë, groot dankbaarheid en 'n diep bewussyn van ons bevoorregte posisie terugkeer.

g. **Ekumene**: Ekumene behels ons kerk se verhouding met ander Christelike kerke binne die eenheid van die liggaam van Christus. Ons beywer ons vir eenheid met ons susters en broers in die VGK en ons werk goed saam met die ander denominasies in Durbanville, veral deur die interkerklike bediening: D4J in Durbanville.

# *Notas*



# Raak betrokke

Ons gemeente leef en groei wanneer elkeen sy of haar plek inneem. Nie alles gebeur vanself nie, en ons kan dit ook nie alleen doen nie — dit is juis deur saam te dien dat ons kerk werklik kerk is. Betrokkenheid lyk vir elkeen anders, maar daar is plek vir almal. Elkeen se betrokkenheid, groot of klein, maak ’n verskil.

Gebruik gerus die QR-kode om aan te dui waar jy graag wil help of inskakel.

Navrae: 021 976 1236

www.sonstraal.org.za